



#SwarriesGeeOm

Nuusbrief 6
28 Mei 2020

Liewe Swarrie ouer,



Kinderbeskerming en Verantwoordelikhede van die jeug...

Nou dat die opening van die skool om die draai is, sug almal van verligting!! Uiteindelik begin die wiele weer draai, bietjie mank en stadig, maar darem.

Tydens die staat van inperking het ons, as ouers, baie gefokus op wat ons kinders verloor het en wat hulle moes ontbeer in hierdie tyd. Dit is natuurlik ook reg so. Maar wat van kinders se verantwoordelikhede?

By tye was ouers radeloos met kinders wat nie wou luister nie, onhebbelik was, nie hulle huiswerk wou doen nie en geweier het om saam te werk. In die lig van kinderbeskerming wat nou landswyd gevier word wil ek die stelling maak dat ons ons kinders ook beskerm deur vir hulle verantwoordelikhede te leer.

In die Onderwysdepartement se Graad 2 Afrikaanse Huistaal boek, Kwartaal 1 en 2 (seker in ander boekies ook) word verantwoordelikhede van die jeug oulik uiteengesit. Ek lig 'n paar uit:

- **Gesin en familie:** 'Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie'. (Ouers en kinders het nie gelyke seggenskap in die huis nie, ek dink die kinders sal hier met my stry...)
- **Onderwys:** 'Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls'. (Die leer en werk het nie makliker geword soos wat die tyd aangestap het nie...)
- **Werk:** 'Help jou gesin met werk in die huis'. (Die takies waarvoor die kinders nie altyd kans sien nie..)
- **Vryheid en sekuriteit:** 'Moenie ander seermaak en boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op 'n vreedsame manier'. (ek dink hier spesifiek aan broers en susters wat heeldag baklei...)
- **Veiligheid:** 'Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie.' (Ek wil graag ook hier invoeg, moenie so baie data gebruik nie, want dis duur!!)

Al die bogenoemde dui maar net op **selfdissipline**. Morin (2019) skryf dit maak nie saak watter ouerskapstyl jy beoefen nie, een van die hoofdoelwitte van jou opvoeding moet wees dat jou kind **selfbeheersing** aanleer. Selfdissipline help kinders om nie te gryp na onmiddellike behoeftebevrediging en ongesonde praktyke nie. Selfdissipline is die sleutel om kinders te help om verantwoordelike volwassenes te word.

James Bitter (Sy van is regtig Bitter...), skrywer van verskeie familie-terapie boeke en artikels, gee raad:

1. Skep **struktuur** en **roetine** in die huis
2. Verduidelik die **redes** agter struktuur en reëls en hou daarby
3. Stel duidelike **gevolge**
4. **Verander** kinders se **gedrag** bietjie vir bietjie. Rome is nie in een dag gebou nie!
5. **Beloon** goeie gedrag
6. Moduleer **selfdissipline!!!**
7. Leer kinders om **probleme op te los**. Vra vir hulle: 'Watter plan kan jy maak? Wat het jy gedink? Wat kan jy volgende keer anders doen? Wat werk en wat werk nie?'

Laat ons dan die laaste stuiptrekkings (hoop ons) van die inperkingstyd gebruik om ook ons kinders se regte te beskerm deur vir hulle verantwoordelikhede te leer en voor te leef. Ek hoor graag van julle.

Groete

Tia Bosua Gruenfelder

